Pretoria- 19 Augus 2012

Skriflesing: Mattheus 13:1-23
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3/4 paragraaf 9**
Sing- Ps. 147:5; Ps. 141:1,2; Ps. 126:3

Dit is hartseer, broeder en suster, as mens dit in jou eie lewe teëkom. Dit gebeur in huisgesinne, in families, vriendekringe, dat daar iemand is wat nie wil glo nie. Die persoon kom baie keer uit 'n gelowige ouerhuis. Ja wanneer mens met só iemand te doen kry dan mag dit wees dat jy voel jy het werklik alles gedoen om die persoon die Woord van die Here te laat hoor. Baie moeite en baie trane later dan is dit 'n geval van jy loop jou vas soos téén 'n muur. Niks wat jy kon doen, wat jy graag wou doen het die ander mens kon oortuig om ook in die Here te glo nie.

Dit wat ons vandag bely laat hierdie situasie wat só hartseer is wel op 'n manier troosryk tot ons spreek. As jy alles wou doen om die persoon naby jou, die een vir wie jy werklik lief mag wees te laat glo en die persoon wil steeds nie glo nie, moet nie uself blameer, uself die skuld wil gee nie. Die skuld lê nie in die Evangelie, of in Christus of by God wat roep en dan verskillende gawes aan mense gee nie. Ja, wat ons in hierdie paragraaf bely bring ons by wat ons in die baie bekende gelykenis van die saad gelees het.

***

Soos ons weet was gelykenisse 'n belangrike deel van Christus se onderrig. Dit begin by hulle wat glad nie wil hoor nie. Die saaier wat uitgaan val die saad op die harde pad. Dit is daardie pad wat gebruik word om die landbouwerktuie op die land te kan bring en om van die een stuk land na die ander te stap. In die herfs, wanneer die saailand gereed is, stap die boer oor die land en neem telkens 'n hand vol saad en versprei dit oor die geploegde grond.

Dit is onvermydelik van die saad val op die pad. Die voëls het gou gekom en hierdie saad kom oppik. Die Here beskryf die hoorders as hulle wat die evangelie wel hoor, maar Satan kom en roof die Woord van hulle weg. Hierdie tipe hoorder hoor dus wat in die prediking gesê word. Maar hy verstaan die Woord nie. Die persoon sluit sy/haar hart vir die evangelie toe. Christus benadruk die verantwoordelikheid van die hoorders. Elkeen is verantwoordelik vir sy reaksie op die prediking. Christus verwys hier na die tipe mense wat geen belangstelling in die prediking het nie. Daar is wel belangstelling vir allerlei ander sake van die wêreld. Daar is belangstelling in finansiële en maatskaplike vooruitgang, die genietinge van die lewe, die koers van die rand ens. Satan slaan dan toe en neem die Woord weg nadat dit verkondig is. Sulke hoorders is verveeld onder die prediking. Satan kry die volle geleentheid om die Woord weg te neem. Dadelik besef ons dit is die mense wat hulle op geen

manier aan die Woord steur nie. Daar is geen toegang nie. Hulle hart word op geen manier deur die Woord geraak nie.

Die tweede mens wat in die gelykenis na vore kom is waar die saad op ’n klipbank val. Hier het ons te doen met rotsagtige grond. Die Here dink nie hier aan grond wat baie gruis en klippies bevat nie. Dit gaan oor ’n dun laag grond wat bo ’n groot klip lê. Die saad wat daar gesaai word, skiet vinnig op. Die probleem is dat die tenger plant nooit ’n goeie wortel sisteem kan ontwikkel nie. Daar is geen ruimte vir die wortel om diep af te steek nie. Dit voorspel probleme vir die toekoms. Wanneer die son warm begin skyn, droog die grond vinnig uit en die plant verwelk.

Hierdie tipe mense word maklik geraak deur ’n preek. Hulle hoor die evangelie en onmiddellik reageer hulle. Dit lyk asof hulle bekeerd is. ’n Mens vind hierdie tipe persone dikwels by groot opwekkings samekomste. Hulle hoor die boodskap en hardloop vorentoe om hul geloof bekend te maak. Tog is dit ook slegte grond hoorders. Hulle harte is nie werklik gereed vir die Here nie. Hulle sien nie werklik kans om vir Jesus te leef nie. Daar gebeur nie niks nie, maar daar gebeur ook nie veel nie. Daar is bekering maar niks daarna nie. Daar is geen groei wat plaasvind nie. Die Woord het nog nie werklik in hul lewe wortel geskiet nie. Daarom hou hulle dit maar ’n kort tyd vol. Sodra daar verdrukking of vervolging kom ter wille van die Woord, is hulle verlore.

Verdrukking of moeite sal kom. Satan weet, dalk beter as baie wat in die kerk is, dat die Woord van God ’n krag is tot redding vir elkeen wat glo. In sy haat teen God probeer hy altyd die kerk te verwoes en haar van die Woord weg te trek. Daarom bring hy ook lyding oor die kerk. Die goeie grond-mens se reaksie op die Woord is nie slegs emosioneel nie. Hy weet en verstaan die volle waarheid. Die waarheid oor jou sonde en ellende, maar ook die waarheid van verlossing daarvan in Christus. Waar die eerste hoorder die **geen toegang**-mens is, is die tweede hoorder die **geen groei-** mens.

Dan is daar nog ’n derde tipe grond ter sprake. Dit is die doringagtige grond. Rondom hierdie saad is daar ander sade, die saad van dorings en distels. Hulle groei saam op, maar uiteindelik oorwoeker die doringstruike die goeie plant en verstik dit, voordat dit vrug kan dra. Hierdie dorings is volgens Christus die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van

die rykdom. Die sorge van hierdie wêreld sien op die dinge in die huidige lewe wat spanning veroorsaak, waaroor mense hulle só kan kwel. Mense kwel hulle oor duisende dinge.

Daar is ook die verleiding van die rykdom. Dit kan ook 'n doring in die hart wees. Rykdom is verleidelik omdat dit lyk asof dit geluk en vryheid belowe. Die verleiding is so subtiel dat amper almal daarvoor val, dikwels ook die kinders van die Here. Die rykes is nie noodwendig gelukkiger en veiliger as die armes nie. Almal, ryk en arm is so kwesbaar. Hoe baie kwellinge is daar in u en my lewe, hoe baie vrese waarmee ons elke dag tegemoetgaan. Siekte en lyding kan nie deur rykdom voorkom word nie. Die dood kan nie oorwin word deur baie geld of besittings nie.

Die saad wat tussen die onkruid lê en daartussen groei, gee wel groei, maar op die einde is daar geen vrug nie. Mettertyd word hierdie saad verstik deur die sorge van die lewe of die genietinge van die lewe. Dit word nie volwasse nie en lewer geen vrug nie. U sien die lyn- op die pad geen toegang vir die saad nie… op die dun grondjies met die klipbanke daaronder nie werklike groei nie… tussen die onkruid is daar op die einde **geen vrug nie**. Geen toegang, geen groei, geen behoorlike vrug nie.

***

Dan kom die vierde deel van dieselfde saad. Broeder en suster, dit is nog heeltyd die saad wat ons in 1 Petrus 1 van lees- Die saad van die Woord wat oral moet val, niks hiervan word teruggehou nie. Die saad wat Petrus sê - *want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly* (1 Pet. 1:23). In Jakobus 1:21 word daar ook van die Woord kragtens saad en 'n plant gepraat- *ontvang met sagmoedigheid die ingeplante Woord, wat in staat is om julle siele te red.* Ingeplant, in die Grieks is dit die Woord- ἔμφυτον wat daarop wys dat hierdie inplanting vind plaas in die veronderstelling dat daar ontwikkeling moet plaasvind.

Die saad wat op die goeie grond geval het, is presies wat daar gebeur het. Dit het opgekom en baie vrug gedra. Ons sien wel dat tussen die goeie saad is daar ook nog verskil, een gedeelte is meer vrugbaar as die ander. Die gevolg is dat die een deel honderd-, die ander sestig- en die ander dertigvoudig vrug oplewer. Blykbaar is daar 'n verskil tussen die ware gelowiges. Daar is sommige waarin die Woord oorvloedige vrug dra. Daar is egter ook die gelowiges waarin die Woord nie sulke oorvloedige vrugte voortbring nie. Dit het ongetwyfeld te make met die geestelike toestand van die hoorders. Sommige is baie

geestelik, ander is geestelik swakker. Sommige luister gretig na die Woord en pas dit graag toe in hul lewens. Ander is minder gretig en dit ontbreek hulle aan die wysheid om die Woord toe te pas.

***

Eintlik kan die verskillende geestelike toestande wat Jesus beskryf ook toegepas word *op dieselfde christen* in verskillende tye van sy lewe. Ons is nie altyd ewe ontvanklik vir die Woord nie. Daar is tye waarin ek baie gretig is om die Woord te hoor. Daar is egter ook tye waarin my geloof swak is, wanneer ek nie so ontvanklik is nie en wanneer dit so maklik is om satan toe te laat om die saad weg te pik.

Daar is tye waarin die vrug honderdvoudig is. Daar is ook tye wanneer die vrug slegs dertigvoudig is. Hoe belangrik is dit dan om ontvanklik vir die evangelie te wees. Om die Woord jou te laat vul, dit in jou hart te laat indring en dit jou lewe te laat verander. Dan sal die vrugte sigbaar word, oorvloedige vrugte van God se Woord en Gees.

Die vraag is sekerlik waar staan u en ek vandag? Ons wat met ons hart en met ons lewe na die Woord van die Here moet luister. As daar nie ontkieming is nie, as daar nie groei is nie, as daar nie vrug is nie, dan is dit net die mens se eie skuld. Die sentrale boodskap van God se Woord is duidelik genoeg vir alle mense om dit te verstaan. Ja, die waarskuwing van Hebreërs 6:4-6 laat ons ernstig na onsself kyk- ***4*** *Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,* ***5*** *en die goeie Woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,* ***6*** *en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe…* Geen mens wat afvallig word kan omdraai en die Here die skuld wil gee nie.

Ons het al vantevore uit die Dordtse Leerreëls dit beklemtoon dat die dood van Jesus is kragtig genoeg om vir die sondes van die hele wêreld te betaal. So volmaak soos Jesus se werk is, so volmaak is sy Woord. Ons kan hier weer na 1 Petrus 1 verwys- *Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die Woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die Woord wat aan julle verkondig is.* Hierdie saad van die Woord van God is lewende saad. Tog sal die saad net tot lewe kom, groei en vrug dra indien dit in die voorbereide aarde gesaai word. So

is dit met die Woord van God. Die Woord is lewend en kragtig. Hoekom? Omdat dit die Woord is van die lewende God self.

Die fout lê hoegenaamd nie by die saad nie, maar dit lê by die mens. As ek aanhou om maar net ’n oppervlakkige hoorder te wees dan kan ek myself nie bedrieg en sê ek wou eintlik ’n ware hoorder gewees het, maar ek kon nie. Die ware hoorder sal in sy hart ontvanklik wees vir die Woord. Die ware hoorder sal God vra om die geen toegang bordjie weg te ruk. Die ware hoorder sal na groei in sy geloof verlang, die ware hoorder sal werklik na vrug in sy geloof verlang. In hierdie paragraaf van die Dordtse Leerreëls het ons eintlik ’n baie duidelike en reguit vraag- HOE LUISTER JY? Ons moet oplet hoe ons luister. Elkeen is verantwoordelik vir hoe hy/sy luister. Kort saamgevat- Die skuld waarom sommige mense nie ag gee op die Woord nie, lê by hulleself en nie by God nie. Die skuld lê nie in die Woord nie. Dit lê by die mens self. Op die einde die mens wat nie die Woord ontvang nie, het net homself/haarself te blameer.

Vir julle wat ook nou in die amp/te bevestig gaan word. Ons het net die Woord van God om uit te dra. Bly daarby… saai hierdie saad, waar u ook mag gaan, ongeag by wie u kom, saai die onverganklike saad van hierdie onverganklike Woord. Dit is waarvoor u geroep word. Bly daarby dat God sal laat groei. Moet u nie laat afskrik deur mense wat hierdie saad in hulle lewe laat wegraak nie. Laat die saad by jou grondvat, dan staan jy reeds waardig die roeping waarmee God jou geroep het.

Volgende keer kom ons by ’n aangrypende deel, wat maak dat daar ander mense is wat werklik luister. Ons het vandag gesien waarom sommige onbekeerd bly. In paragrawe 10 en 11 is dit ’n vreugde om te bely, waarom andere wat deur dieselfde Evangelie geroep word, hulle wel bekeer.

AMEN

Paragraaf 9


Baie mense wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom nie na Hom toe nie en bekeer hulle nie
Die skuld hiervoor lê nie in:
die evangelie
Christus, wat deur die evangelie aangebied is nie
God, wat mense deur die evangelie roep en aan hulle verskillende gawes gee nie
Die skuld lê by die geroepenes self
Sommige neem deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie
Ander neem dit wel aan maar nie in die binneste van hulle hart nie
Gevolg?
na 'n kortstondige blydskap van die tydelike geloof val hulle weer terug
Ander weer, laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorge en deur die welluste van die wêreld verstik en dra geen vrugte nie
soos ons Verlosser dit in die gelykenis van die saaier leer (Matteus 13)